NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

DUTCH REFORMED CHURCH

31 Mei 2021

Aanbevelingsbrief: Annette (JP) van Niekerk

Vir wie dit mag aangaan

Annette van Niekerk is goed aan my bekend en dit is met vrymoedigheid dat ek haar kan aanbeveel. Ons het vanaf Februarie 2018 tot Mei 2021 nóú saamgewerk in die kantoor van die Algemene Sinode van die NG Kerk en sy het ook aan my gerapporteer.

Annette het oorgeneem as finansiële beampte van die Algemene Sinode op ‘n tyd wat die rekeningkundige stelsel in die kantoor nie in ‘n goeie toestand was nie. Sy het die oorskakeling van AccPacc na Pastel hanteer en haar daarin onderskei om probleme en foute na te speur en op te los. Sy kan met trots sê dat sy ‘n stelsel agterlaat wat funksioneel en op datum is en wat ‘n ongekwalifiseerde oudit gekry het.

In die kantoor was sy verantwoordelik vir ‘n wye verskeidenheid van funksies:

- Byhou van die rekeningkundige stelsel van die Algemene Sinode en die Algemene Bevoegdheidsraad.
- Boekhouding op Pastel Partner tot proefbalans.
- Suiwering van boeke deur rekonsiliasies en joernale.
- Bystand met opstel van begroting, finansiële state en oudit.
- Voorbereiding van kwartaallikse bestuursverslae.
- Hantering van debiteure en krediteure.
- Hantering van die jaarlikse registrasiefooie van predikante vir die Algemene Bevoegdheidsregister
- Voorbereiding , verkryging van goedkeuring en opstel van betalings.
- Skakeling met finansiële - en beleggingsinstansies, versekeringsmakelaar en diensverskaffers.
- Skakeling met streeksinodes, taakspanne en ander instansies.
- Hantering van statutêre vereistes ten opsigte van SARS en finansiële instellings.
- Hantering van finansiële navrae.
- Byhou van bateregister en versekeringskedule.
- Administratiewe ondersteuning aan finansiële -, oudit- en beleggingskomitees.

13528
HATFIELD, 0028
Pretoria, South Africa
+27 (0)12 342 0092
+27 (0)12 342 0380
http://ngkerk.net/
info@ngkerk.org.za
PBO nr: 930006591

Sy is in staat om selfstandig te werk, haar eie werk te organiseer, en is bereid om ekstra ure te werk om sake op skedule af te handel.

Deel van haar funksies was om met debiteure te skakel en probleme met rekeninge op te los. Sy het dit uitnemend gedoen. Een van haar grootste aanbevelings is inderdaad haar menseverhoudings. Dit het na vore gekom in haar interaksie met debiteure, die ouditeure, diensverskaffers, komiteelede en kollegas. Sy huiwer ook nie om hulp te vra om probleme op te los nie.

Dit is met vrymoedigheid dat ek Annette kan aanbeveel. Haar vertrek na die Kaap is ‘n verlies vir ons kantoor maar sy is ‘n aanwins vir die gemeenskap van Heidelberg.

Dr Lourens Bosman
Algemene Bestuurder: Algemene Sinode van die NG Kerk
Tel: 0828398841